# Nawerkinge van die Cottesloeberaad van die Wêreldraad van Kerke 7–14 Desember 1960*

DJC VAN WYK

## 1. INLEIDING

Ter aanvang is dit miskien nodig om enkele aanhalings te maak uit die werk van AH Lückhoff wat in 1978 onder die titel *COTTESLOE* by Tafelberg Uitgewers verskyn het[1]. Dit kan 23 jaar later 'n aanduiding gee van die klimaat, vlak en strekking van interpretasie wat daar in sekere kringe aan die beraad in sy geheel verleen is en ook aan die optrede van die Ned. Hervormde Kerk. Lüchoff skryf:

*"In 'n unieke poging om tot 'n begrip van die situasie te kom en gesamentlike optrede vir die toekoms te beplan, het agt Afrikaanse en Engelse Kerke deur bemiddeling van die Wêreldraad van Kerke die Cottesloe-beraad belê.*

*Hierdie kerkeberaad was 'n ekumeniese hoogtepunt, maar het verreikende gevolge vir die lidkerke in Suid-Afrika gehad"*[2].

Oor 'n brief van die destydse Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan die Wêreldraad van Kerke, waarin die Kommissie wys op die stilswye van die Wêreldraad oor die geweldpleging in die destydse Kongo, maar veroordelend staan teen S.A. oor die onluste by Sharpville, skryf Lückhoff:

*"Vir sover vasgestel kon word, het die Algemene Kommissie nooit vir hierdie brief verskoning gevra nie. Dit wil voorkom asof 'n Hervormde predikant, dr JF Stutterheim, dit reg opgesom het, naamlik dat die bedoelinge van die WRK, in die proses van voorbereiding vir Cottesloe, by die Hervormde Kerk verbygegaan het"*[3].

By een van die voorbereidende gesprekke oor Cottesloe het verteenwoordigers van die Hervormde afvaardiging gevra om opheldering van die wesenlike bedoeling van die komende beraad. Hulle stel dit onomwonde dat die Ned Hervormde Kerk nie bereid is om verhoor te word nie en dat hulle graag wil weet wie moet wie bekeer. Lückhoff se reaksie hierop is:

*"Dit wil voorkom of die afgevaardigdes van die Hervormde Kerk hier min sensitiwiteit en begrip vir die ekumeniese gesprek aan die dag gelê het. Die*

* Lesing gelewer tydens 'n Aktualiteitsdag van die Fakulteit Teologie (Afd. A) aan die Universiteit van Pretoria op 26 Mei 1983.

*grondslag van die interkerklike samesprekings lê juis daarin dat die gesprek ten spyte van onderlinge verskille kan voortgaan. Dit is ook nie die doel van die ekumeniese gesprek dat een Kerk 'n ander tot sy standpunt 'bekeer' nie"*[4].

Dit is ook nodig om te wys op die herhaalde versekering dat die NG Kerk bereid sou wees om, indien *dit* nodig sou blyk om die beraad te red, sy verhouding met die Ned. Hervormde Kerk op te offer. In die woorde van Lückhoff:

*"Dit is hier belangrik om daarop te let dat die WRK groot vertroue in die NG Kerk gehad het, in so 'n mate dat die Wêreldraad selfs bereid was om die beraad sonder die Anglikane te hou. Terselfdertyd moet daarop gewys word dat die NG Kerk, op sy beurt, sy verhouding met die Hervormde Kerk vir die beraad sou opoffer. Ten spyte van al die krisisse en konfrontasies was dit tog in die laaste instansie die deursettingsvermoë van Bilheimer en die onvermoeide ywer van die Beplanningskomitee wat die kerkekonsultasie uiteindelik laat plaasvind het"*[5].

Oor die memorandum van die Ned Hervormde Kerk wat aan die beraad voorgelê is, skryf Lückhoff:

*"Die verslag van die Hervormde Kerk beslaan negentien getikte bladsye en is opgestel deur drr CJ Mans en JP Oberholzer, wat albei toe predikante op Rustenburg was.* ***Die memorandum kan beskou word as 'n kondonasie van die beleid van die Regering en 'n verdediging daarvan op Skriftuurlike gronde.***

*In hul beoordeling van die aandeel van die Hervormde Kerk aan die beraad, kom die Transvaalse afgevaardigdes tot die slotsom dat hulle saam met die afgevaardigdes van die Hervormde Kerk uitgegaan het van die standpunt dat afsonderlike ontwikkeling die enigste realistiese en regverdige oplossing vir Suid-Afrika se rasseprobleme bied. Maar hul weë het uitmekaar geloop by die praktiese implementering van die beleid en die Skriftuurlike fundering daarvan"*[6].

Oor die atmosfeer op die konferensie haal Lückhoff aan uit Visser't Hooft se verslag:

*"Visser't Hooft skryf dat die atmosfeer aanvanklik swaar gelaai was: 'Afrikaner en Engelssprekende, blank en swart draaien om elkaar heen en beloeren elkaar. Maar weldra komen er persoonlijke contacten tussen mense van verschillende afkomst. De Bijbelstudie, de humor van een Lakdase de Mel of een Franklin Fry, het samen eten (alleen de Hervormde Kerk zaten altyd alleen aan een tafeltje apart) droegen bij tot ontdooiing. En ten slotte was er een echte verbroedering. Mense, die niet geneigd*

*waren sentimenteel te worden, waren diep onder de indruk. We hadden het gevoel dat er iets groot gebeurd was'"*[7].

Oor die reaksie en optrede van die Hervormde afvaardiging na afloop van die konferensie skryf Lückhoff onder die opskrif DIE HERVORMDE KERK MAAK ALARM soos volg:

*"Uit die sensusopname van 1970 vir blanke kerklidmate blyk dat die Hervormde Kerk met 224 000 lidmate slegs 6 persent van die Suid-Afrikaanse blanke bevolking uitmaak. Ten spyte van hierdie geringe getalsterkte en betreklik beskeie rol in die kerklike lewe (behalwe in Transvaal) het die Hervormde Kerk op die laaste dag van die beraad en in dae wat daarna gevolg het, groot verwarring in die geledere van Afrikaanssprekende kerklidmate veroorsaak. Die gevaar van skeuring in die NG Kerk was nie uitgesluit nie. Konfrontasie tussen die regerende Nasionale Party en die NG Kerk het gedreig. Die Hervormde Kerk het 'n uur voor die verdaging van die samesprekings 'n verklaring uitgereik waarin hy hom volkome van die beraad se bevindings distansieer en sy trou aan die Regering bevestig. Die NG afvaardigings was hierop gedwing om 'n kwalifiserende verklaring uit te reik. Die reg van die Hervormde Kerk om teen die bevindinge te stem, kon hulle nie ontsê word nie. Maar dat die Kerk met sy verklaring en die versoek dat dit saam met die besluite van die beraad aan die pers oorhandig word, polarisasie tussen die twee Afrikaanse Kerke veroorsaak het wat weer verdere verklarings tot gevolg gehad het, ly nie die minste twyfel nie"*[8].

Lückhoff haal die Transvaalse NG Kerk se gevoelens oor die Hervormde optrede na vore:

*"Die Transvaalse afgevaardigdes meen dat die reperkussies van die verklaring nie sulke afmetings sou aangeneem het ... as die Hervormde Kerk nie troubreuk gepleeg en die volgende dag met eensydige en misleidende verklarings (weer in stryd met ons plegtige ooreenkoms tydens die Beraad) alarm gemaak het nie!*

*Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat, indien die lekkasie aan DIE TRANSVALER nie plaasgevind het nie, die noodsaaklikheid van 'n openbare verklaring sou verval het"*[9].

En self oordeel Lückhoff oor die Hervormde afvaardiging se optrede: *"In DIE HERVORMER, amptelike lyfblad van die Hervormde Kerk, het ds PM Smith twee maande later redes aangevoer vir die optrede van die Hervormde Kerk na die samesprekings. Hy beweer dat die Hervormde Kerk nie van plan was om verdere persverklarings uit te reik nie (as die een wat saam met die bevindinge gepubliseer is) en ook nie om aan 'n verklaringstryd deel te neem nie. Maar die sewe-uurnuus van Donderdag*

*15 Desember 1960 het hom 'gedwing' om weer te praat. Volgens Smith was die inhoud van die radioberig min of meer soos volg:*

*Die konferensie van ledekerke van die Wêreldraad het sekere beginsels van die Regering rakende die rassebeleid verwerp. Die NG Kerk het hul beleid van differensiasie gestel. Van die standpunt van die Ned Hervormde Kerk is egter niks gesê nie. Dit gee die indruk, en etlike telefoonoproepe het dit bevestig ... dat die Ned Hervormde Kerk dan seker saam met die konferensie gestem het.*

*'Om 08h00 is die verklaring van die Ned Hervormde Kerk uitgesaai, dat hy hom nie vereenselwig met die besluit van die konferensie nie. Ongelukkig was baie mense toe al uit die huis op pad werk toe en 'n voortdurende getal telefoonoproepe het dit bevestig dat hulle die berig van 08h00 nie gehoor het nie.*

*'Dit het die Ned Hervormde Kerk gedwing om sy standpunt duideliker te stel. Daarin het hy hom beperk tot sy eie standpunt en hom weerhou, ten spyte van versoeke, om iets van die ander kerke te sê'*

*Die argumente wat Smith hier aanvoer waarvolgens die Hervormde Kerk 'gedwing' was om 'n verdere verklaring uit te reik, is nie oortuigend nie. Die feit dat die Hervormde Kerk se naam nie in die 07h00-nuus op Donderdag 15 Desember genoem is nie, was nie afdoende rede om op die volgende dag met 'n skerp verklaring na die pers te gaan nie.*

*Met hierdie verklaring het die Hervormde Kerk nie alleen verwarring gesaai nie, maar ook refleksie gewerp op die NG Kerk en so die plegtige ooreenkoms wat hulle op die beraad onderteken het, op tweërlei wyse in die gedrang gebring:*

1. *Die Hervormde Kerk het onderneem om eers 'n ander Kerk of kerkleier in 'n broederlike gesindheid te nader alvorens hy in die openbaar kritiek uitspreek; en*
2. *Daar was 'n uitdruklike verstandhouding op die beraad dat lede sou volstaan met die verklarings wat gesamentlik en amptelik uitgereik is"*[10].

Oor die nadraai van die beraad skryf Lückhoff verder:

*"Hierdie besluite is deur 'n groot deel van die Afrikaanse pers as links en liberalisties verdoem en as 'n aanval op die Verwoerd-regering onder die dekmantel van godsdiens. 'n Kabinetsminister se vrou het 'n beroep op predikante gedoen om die politiek uit te los en meer huisbesoek te doen. Briewerubrieke was vol briewe van verontwaardigde lidmate wat die besluite afmaak as komende van 'n groepie predikante wat geen reg of opdrag had om vir die verklaring te stem nie. Hulle moet nou tot verantwoording geroep word omdat hul 'ons geliefde Kerk' wil verdeel. Feitlik geen aandag is aan die ander besluite gegee nie, ook nie aan die versoening tussen die Anglikaanse en die NG kerke nie.*

*Hierteenoor het die Engelse pers die besluite besing as die 'keerpunt van die houding van die Afrikaanse kerke teenoor apartheid'. Die besluite is*

*bestempel as sou dit strook met die standpunt wat die Engelse pers deurgaans teenoor diskriminerende wetgewing gehandhaaf het. Die optrede van die pers het verdere polarisasie veroorsaak. Die Kaaplandse en Transvaalse afgevaardigdes van die NG Kerk is deur hul eie pers aangeval, veroordeel en in 'n hoek gedryf terwyl die standpunt en optrede van die Hervormde Kerk hoog aangeprys is. Daar is openlik bespiegel dat die NG kerke heelwat lidmate gaan verloor wat gereed staan om by die Hervormde Kerk aan te sluit.*

*Wat die positiewe houding van die Engelse pers teenoor die besluite en die NG afgevaardigdes betref, is die standpunt al dikwels onder Afrikaners gestel dat 'as die Engelse pers jou prys, daar iets met jou verkeerd moet wees!'"*[11].

En nog verder skryf Lückhoff:

*"Dit is duidelik dat die optrede van die Hervormde Kerk bygedra het tot die storm wat onder die Afrikaanse publiek oor Cottesloe losgebars het, met hul verwerping van die besluite* **in toto** *en die daaropvolgende verklarings. Dit was vir die leek moeilik om te verwerk dat twee kerke met presies dieselfde belydenis sulke uiteenlopende besluite kon neem. Omdat die standpunte van die NG kerke by Cottesloe vir die Afrikaner van die vroeë sestigerjare 'n radikale verandering van gesindheid teenoor die nieblanke geïmpliseer en groot aanpassings van hom geverg het, en omdat dit in stryd was met die beleid van die Regering van die dag, het die deursnee-Afrikaner die besluite van Cottesloe verwerp. By implikasie is die besluite en optrede van die Hervormde Kerk goedgekeur"*[12].

En oor die verwerping van die Cottesloebesluite deur die Afrikaanse kerke skryf hy:

*"In die jaar wat na die Cottesloe-kerkeberaad gevolg het, het nie minder nie as sewe Sinodes, Sinodale Kommissies en Kerkvergaderings die bevindinge onomwonde verwerp. Dit was 'n groot oorwinning vir die konserwatiewe magte in die Kerk en die Nasionale Party. Dit was 'n morele oorwinning vir die Hervormde Kerk wat tydens en na Cottesloe besef het waartoe hulle in staat is. Dit was 'n verpletterende nederlaag vir die ekumenies gesindes, want nie net is die Cottesloe-verklaring in sy geheel verwerp nie, maar daar is ook met groot meerderhede deur drie Sinodes besluit om hul lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke te beëindig.*

*Hierdie optredes het die ekumeniese beweging in Suid-Afrika 'n gevoelige knou toegedien en vir die NG Kerk 'n tydperk van isolasie ingelui"*[13].

Oor die uitwerking van die Ned Hervormde Kerk se optrede op die NG Kerk, skryf Lückhoff:

*"Met hierdie optrede van die Hervormde Kerk, waaraan groot prominensie in sowel die Afrikaanse as Engelse pers verleen is, is groot druk op die Transvaalse Sinode van die NG Kerk uitgeoefen om hulle van Cottesloe te distansieer en ook uit die Wêreldraad te bedank. Die Transvaalse Sinode het skaars 'n maand later in Pretoria vergader en met die besluite van die Hervormde Kerk nog vars in die geheue, moes dit beslis 'n rol gespeel het by die afgevaardigdes se benadering tot Cottesloe en die Wêreldraad van Kerke"*[14].

Oor die geheel van die beraad sluit hy soos volg af:

*"Daar het inderdaad iets groots by Cottesloe gebeur. Die eenheid van die Protestantse Kerke in Suid-Afrika is dramaties gedemonstreer. Dit was 'n dinamiese poging van Christene uit Afrikaanse, Engelse en nie-blanke Kerke om 'n uitweg uit die impasse op die gebied van rasseverhoudinge te vind. Die oorgrote meerderheid Afrikaanse predikante en lidmate was egter nog nie ryp vir die ingrypende veranderinge wat die aanvaarding van die bevindinge sou meebring nie. Cottesloe was sy tyd ver vooruit"*[15].

Tot sover die aanhalings uit die werk van Lückhoff.

## 2. DIE ONMIDDELLIKE NASLEEP VAN DIE COTTESLOEBERAAD

### (a) Die verklaringstryd

- Soos reeds vermeld, het die afvaardiging van die Ned. Hervormde Kerk op die laaste dag van die beraad 'n verklaring uitgereik waarin hulle hulle volkome van die besluite van die beraad distansieer. Die verklaring is ingedien onmiddellik na die stemming op Woensdag 14 Desember 1960 en 'n uur voor die verdaging van die beraad. Daar is versoek dat die verklaring in die notule opgeneem word en saam met die amptelike Cottesloe-persverklaring uitgereik word. Die verklaring lui soos volg:

  *"Ons as afvaardiging van die Ned Hervormde Kerk is dankbaar dat ons die geleentheid gehad het om te luister na die getuienis van die verskillende Kerke, en dat ons die geleentheid gehad het om ons eie getuienis te lewer.*

  *Ons wil egter met nadruk verklaar dat dit ons vaste oortuiging is dat Apartheid of eiesoortige ontwikkeling die enigste regverdige oplossing is vir die rasseprobleme van ons land. Ons verwerp enige vorm of graad van integrasie.*

  *Die ooreenkoms wat bereik is bevat 'n paar sake wat so ingrypend is,*

*dat ons dit nie mag onderskryf nie. Ons kan ons daarom met die verklaring nie vereenselwig nie.*

*Verder wil ons ons waardering boekstaaf teenoor die Regering van ons land vir die positiewe stappe wat geneem is vir die oplossing van die vraagstuk en die bevordering van die welsyn van die verskillende groepe.*

*Ons Kerk wil in die toekoms, soos in die verlede, sy verantwoordelikheid aanvaar, om teenoor Volk en Owerheid te getuig in ooreenstemming met die voorskrifte van Gods Woord"*[16].

- Kort hierna, voordat die beraad verdaag, kom ook die twee afvaardigings van die NG Kerk met kwalifiserende verklarings wat soos volg lui:

*"Die afvaardigings van die Ned Gereformeerde Kerke van die Kaapprovinsie en Transvaal verklaar hiermee dat ons saamgekom het om met ander kerke samesprekings te hou in die lig van die Woord van God en met 'n diepe besef van die verskillende en ingewikkelde probleme in verband met rasseverhoudinge in ons land. As Christene neem ons met besorgdheid kennis van die behoeftes van die verskillende bevolkingsgroepe en besef dat die Kerk 'n woord tot hulle te spreek het.*

*Hiermee wil ons bevestig dat, soos in die eerste gedeelte van die verklaring van die Samespreking gemeld, 'n beleid van differensiasie uit Christelike oogpunt verdedigbaar is, die enigste realistiese oplossing vir die probleme van rasseverhoudinge aanbied, en daarom die belange van die verskillende bevolkingsgroepe die beste dien.*

*Ons beskou nie dat die resolusies, soos deur die Samespreking aanvaar, in beginsel onversoenbaar is met bogenoemde verklaring nie"*[17].

Lückhoff gee in sy werk die volgende vertolking van hierdie verklaring van die NG-afvaardiging:

*"Die afgevaardigdes van die NG Kerk het met die uitreiking van die verklaring van die Hervormde Kerk onmiddellik besef dat hulle daarmee in 'n hoek gedryf is. Met die Hervormde Kerk se ongekwalifiseerde steun aan die beleid van die Regering sou swye die indruk wek dat die NG Kerk sy goeie verhouding met die owerheid verbreek het. Aangesien die oorgrote meerderheid van die NG lidmate ondersteuners van die Regering is, sou dit rampspoedige gevolge vir die NG kerk kon gehad het.*

*Sonder dat die NG afgevaardigdes so iets beplan het – die ooreenkoms was immers om die bevindinge eers aan die onderskeie Sinodes te rapporteer – het hierdie optrede van die Hervormde Kerk die NG Kerk genoodsaak om in die teepouse van dertig minute gou 'n verklaring op te stel met die versoek dat ook dit in die notule opgeneem en saam met die bevindings gepubliseer word. Hierin bevestig hulle dat 'n beleid van differensiasie uit 'n Christelike oogpunt verdedig kan word en die enigste realistiese oplossing vir die probleem van rasseverhoudinge bied. Die afvaardigings is*

*egter oortuig dat die besluite van die beraad met die beleid van differensiasie versoenbaar is en voeg hul kwalifikasie ten gunste van 11—15 (Grondbesit en medeseggenskap in regering) ten slotte by"*[18].

- Na die twee verklarings van die Hervormde- en NG afgevaardigdes kom ook aartsbiskop Joost de Blank met 'n hartroerende verklaring aan die woord. In sy verklaring maak hy o.a. die volgende uitsprake:

  - Hy betuig sy waardering teenoor die twee N.G. Kerke vir hul samewerking, begrip en verdraagsaamheid tydens die beraad.
  - Hy verklaar dat daar in die verlede vanaf Anglikaanse kant dikwels in die hitte van die stryd onbillike uitsprake teenoor die NG Kerke gemaak is. Dit besef hy nou in die lig van die "informasie" wat hy tydens die beraad bekom het.
  - Desnieteenstaande het die NG afgevaardigdes in die grootste broederlikheid meegewerk tydens die beraad en daardeur is hy diep getref.
  - Vir die wonde wat in die verlede geslaan is, vra hy van NG afgevaardigdes vergewing in Christus[19]. Dié gebaar van toenadering en broederlikheid is onmiddellik namens die NG afvaardigings, deur dr AJ van der Merwe aanvaar. In 'n Nuusbrief van die Anglikaanse Kerk sou De Blank hom later ook soos volg uitlaat:
  - Die afvaardigings van die twee NG Kerke kon nie meer behulpsaam wees as wat hulle was, ook in hul gretigheid om gemeenskaplike gronde te vind nie.
  - Die Hervormde Kerk se houding was een van vriendelikheid maar nie-samewerking.
  - Dat, afgesien van die Hervormde Kerk, almal op die beraad saamgestem het dat gedwonge segregasie in die lig van die Evangelie onverdedigbaar is.
  - Dat die Anglikane meer as verras was om te ontdek hoever die afgevaardigdes van die NG Kerke bereid was om te gaan[20]. Tot sover De Blank.

- Op 15 Desember, die dag na die verdaging van die beraad, reik die afvaardiging van die Ned Hervormde Kerk 'n verdere verklaring uit, waarin o.a. die volgende gestel is:

  *"In nie een van die besluite oor kardinale sake rakende die beleid van afsonderlike ontwikkeling en die bestryding van integrasie waarteen die afgevaardigdes van die Hervormde Kerk telkens hul stem verhef het en dikwels ook sy teenstem laat aanteken het, kon die afvaardiging genoegsame steun kry om 'n 20-persent-teenstem te verteenwoordig ten einde so 'n besluit te laat misluk nie".*

Hierna behandel die verklaring die mees omstrede besluite van die beraad en voer redes aan waarom die Hervormde Kerk nie daarvoor kon stem nie.

"(a) ***'Onsekerheid' van Blankes en 'frustrasie' van Nie-Blankes***
*In hierdie saak was dit die standpunt van die Nederduitsch Hervormde afvaardiging dat dit 'n kunsmatige skepping is wat oorbeklemtoon word aangesien daar nie soveel vrees en frustrasie bestaan as wat voorgegee word nie en daarom moet dit verwerp word.*

(b) ***Eenheid van Kerk en lidmaatskap***
*Die Nederduitsch Hervormde Kerk vind dit nie noodsaaklik dat daardie eenheid alleen deur gesamentlike dienste gemanifesteer of gedemonstreer moet word nie, hoewel hy die eenheid van die Kerk in Christus ten volle onderskryf. Die Nederduitsch Hervormde Kerk kan nie aanvaar dat sy eie beleid van afsonderlike Bantoekerke met die hulp van en onder toesig van die Nederduitsch Hervormde Kerk enigsins 'n verbreking van hierdie eenheid is nie.*

(c) ***Raadpleging van die Bantoe en Wetgewing oor Segregasie***
*Dit was die standpunt van die afvaardiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk dat raadpleging noodsaaklik is maar dan met die wettige en erkende leiers van die Bantoe en nie self-aangestelde leiers wat losgemaak is deur 'n sekere vorm van Bantoeonderwys en Sendingbeleid van hulle eie stamverband nie.*

(d) ***Verbod op Gemengde Huwelike***
*Daar is besluit dat daar geen Skriftuurlike gronde vir 'n verbod op gemengde huwelike bestaan nie. Die Nederduitsch Hervormde Kerk kon nie sy amendement dat daar ook geen Skriftuurlike gronde teen 'n verbod op gemengde huwelike is, deur 'n meerderheidstem aanvaar kry nie.*

(e) ***Werkreservering***
*Die Nederduitsch Hervormde Kerk kon nie saamstem dat die huidige stelsel van werkreservering onregverdig is nie aangesien dit 'n stelsel is wat in baie lande in werking is.*

(f) ***Inwoners in Bantoegebiede***
*Die besluit in verband met geleenthede vir die inwoners van Bantoegebiede om in ooreenstemming met die menslike waardigheid te lewe, het die Nederduitsch Hervormde Kerk nie teengestaan om die inhoud oor wat gevra word nie, maar oor die feit dat dit gevra word aangesien hy van oortuiging is dat alles in vermoë gedoen word om dit op so 'n wyse te laat geskied dat dit wel 'n menswaardige bestaan is.*

***(g) Deelname van Gedomisilieerde Bantoe in die Regering van die land***

*Teen hierdie besluit het die Nederduitsch Hervormde Kerk hom met al sy mag verset aangesien dit:*

- *(i) Impliseer dat daardie mense geen regte deur middel van bestaande Bantoe-owerhede sal hê nie. Die Nederduitsch Hervormde Kerk is daarvan oortuig dat die inskakeling van die stedelike Bantoe reeds ver gevorder is en dat hy sy politieke regte binne die Bantoegebiede kan uitoefen waar die Blankes geen politieke regte sal hê nie.*
- *(ii) Impliseer dat die Bantoes permanente woonplek binne die Blanke gebied gegee word.*
- *(iii) Die begin van integrasie van die Bantoe is. Dit is die standpunt van die Nederduitsch Hervormde Kerk dat dit nie 'n verskil maak of daar 1 miljoen of 6 miljoen geïntegreerd is nie en hy beskou dit as onregverdig dat daar alleen so 'n hoeveelheid geïntegreer sal word as wat die Blankes voor kans sien om te behartig sodat hulle nie daardeur onder geploeg sal word nie. Dit is 'n beginselsaak aangesien hy ten gunste is van algemene vertikale segregasie en nie 'n onregverdige horisontale segregasie kan regverdig nie.*
- *(iv) Nie regverdig is teenoor die Blanke wat geen politieke regte binne die Bantoe-gebied het nie.*

***(h) Kleurlingstemreg:***

*Dit is die oortuiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk dat die besluit om geen beswaar te maak teen die regstreekse verteenwoordiging van die Kleurlingbevolking in die Parlement nie, nie geregverdig is nie en daarom moet hy hom met alle mag daarteen verset omdat –*

- *(i) die owerheid op die oomblik besig is om aandag aan die hele saak te gee en dit nie die taak van die Kerk is om wetgewing voor te skryf oor hoe dat die Kleurling of enige ander groep sy politieke regte moet geniet nie.*
- *(ii) dit in stryd is met die beleid van die Kerk van territoriale segregasie en 'n verdere vorm van integrasie bewerkstellig.*

***(i) Verhoor van persone by 'n noodtoestand***

*Die Nederduitsch Hervormde Kerk kon nie daarvoor stem dat hierdie konferensie hom moet uitspreek oor hierdie aangeleentheid nie aangesien dit impliseer dat daar op onregverdige wyse tydens die afgelope noodtoestand gehandel is. Die Nederduitsch Hervormde Kerk vind dit nie reg dat so 'n Konferensie langs geïmpliseerde weë 'n verwyt moes uitspreek oor sake wat nie van toepassing is nie.*

*(j)* ***Voorsiening van Kerke vir Nie-Blankes binne die blanke gebiede***

*Die Nederduitsch Hervormde Kerk kon hiervoor nie stem nie, aangesien daar op 'n ander wyse in hierdie behoefte voorsien word. Die Nederduitsch Hervormde Kerk is nie teen fasiliteite vir Nie-Blankes om te aanbid nie, maar is van oortuiging dat die Blankes wat die weelde wil beoefen om Nie-Blanke bediendes aan te hou, aan hulle bediendes die volle geleentheid moet gee in soverre dit die tyd en die reiskoste betref, om die dienste by te woon binne die bepaalde Bantoegebiede. Die Kerk beskou dit as 'n verdere uitbreiding van die pogings tot integrasie.*

*(k)* ***Sogenaamde Kerkklousule***

*Die Nederduitsch Hervormde Kerk kon nie sy steun gee aan hierdie besluit nie, aangesien hy van mening is dat daar geen wetgewing is wat die reg om die Evangelie aan alle mense te verkondig, waar dit ook moontlik is, verbied nie. Die Kerk is van oortuiging dat hierdie wetgewing alleen dan toegepas sal word, nie om mense te verbied om die Evangelie te verkondig nie, maar wanneer daar openbare steurnis in die vorm van demonstrasie bedoel word"*[21].

Soos aangetoon, is die Hervormde afvaardiging oor hierdie verklaring erg verkwalik. Die Transvaalse afgevaardigdes van die NG Kerk het die besluit as troubreuk bestempel. Ds PM Smith het, soos reeds aangedui, in sy motivering vir die verklaring daarop gewys dat die SAUK om 07h00 op 15 Desember 1960 'n berig uitgesaai het waarvan die strekking was dat die Cottesloeberaad sekere beginsels van die regeringsbeleid rakende die rassebeleid verwerp het. Die berig het verder vermeld dat die NG Kerk se beleid van differensiasie gestel is. Oor die standpunt van die Ned Hervormde Kerk is niks gesê nie. Dit het die indruk gelaat dat die Hervormde Kerk saam met die beraad gestem het. Hoewel die 08h00-nuus die saak reggestel het, was die meeste mense toe op pad werk toe, en het dit nie gehoor nie. 'n Stroom telefoonoproepe van protes en navrae het dit bevestig. Die Hervormde afvaardiging was dus gedwing om weer te praat en het die verklaring uitgereik.

- In die dae, weke en maande na Cottesloe is 'n hele reeks verklarings oor-en-weer uitgereik sodat later verwys is na die verklaringstryd na Cottesloe. 'n Verklaring deur die Moderatuur van die Transvaalse Kerk op 17 Desember is opgevolg deur 'n nadere verklaring van albei NG Kerke op 27 Desember. Latere uiteensettings van die Transvaalse Afgevaardigdes het onder andere verwys na die "eensydige en misleidende verklarings" van die Hervormde Kerk[22].

In die Kerkbode het dr AP Treurnicht, die redakteur, skerp standpunt teen die Cottesloebesluite ingeneem. Hy verwys na sommige besluite as 'n ontoelaatbare staatsgreep. Die Engelstalige pers asook DIE BURGER in die Kaap was die besluite sterk simpatiek gesind en het dit selfs toegejuig. DIE TRANSVALER en VADERLAND in Transvaal het die besluite as 'n linkse aanslag verwerp[23].

Op 18 Desember skryf ds CF Beyers-Naudé, op dié tydstip waarnemende moderator van die Suid-Transvaalse sinode van die NG Kerk en afgevaardigde na Cottesloe 'n lang artikel in DAGBREEK EN SONDAGNUUS waarin hy die besluite van die beraad verdedig, sydelingse verwysings na die Ned Hervormde Kerk se kant maak en pleit vir dringende samesprekings tussen die Afrikaanse kerke[24].

Ds PM Smith antwoord op die artikel en wys daarop dat die Ned Hervormde Kerk voor die Cottesloeberaad gevra het dat gedagtes tussen die kerke gewissel word sodat die kerke nie naas mekaar sou beweeg nie of *dáár* deur mekaar se standpunte ontnugter sou word nie. Die antwoord op die Hervormde Kerk se versoek het egter uitgebly[25].

Die artikel van ds Smith is nooit deur DAGBREEK EN SONDAGNUUS gepubliseer nie.

- Van die skerpste reaksies na Cottesloe het van die kant van die destydse premier, dr HF Verwoerd gekom. In sy nuwejaarsboodskap op 1 Januarie 1961 verklaar hy dat Cottesloe 'n poging van buitelanders was om hulle in interne Suid-Afrikaanse aangeleenthede in te meng. Hy sien die beraad as die mening van 'n aantal enkelinge uit die NG Kerk, en vra dat daar gewag sal word totdat die sinodes van die NG Kerke gepraat het.

### (b) Verwerping van Cottesloe en bedanking uit WRK

Die Algemene Kerkvergadering van die Ned Hervormde Kerk het gedurende Maart 1961 in Pretoria byeengekom. Die optrede van die afvaardiging na Cottesloe is onderskryf en met slegs 13 teenstemme is besluit om uit die WRK te tree. Hierdie voorbeeld van die Hervormde Kerk is gedurende April 1961 deur die Transvaalse NG Kerk en in Oktober 1961 deur die Kaapse NG Kerk gevolg. Ondanks teenstand en verduidelikings van die afgevaardigdes na Cottesloe is die besluite van die beraad met groot meerderhede verwerp en besluit om uit die WRK te tree.

Die uittrede uit die Wêreldraad deur al drie genoemde kerke kan as die belangrikste direkte gevolg van die Cottesloeberaad bestempel word. Daarmee is die invloed van die WRK in SA geknou. In die Ned Hervormde Kerk was die besluit bykans 'n formaliteit. Dit bly

egter 'n oop vraag wat die NG Kerke se besluit sou wees indien die Hervormde Kerk anders opgetree het. Naas die optrede van die Hervormde Kerk was dit waarskynlik veral die sterk standpunt van wyle dr HF Verwoerd wat op die NG Kerke se besluit verreikende invloed gehad het.

## 3. DIE LANGTERMYN GEVOLGE VAN DIE COTTESLOEBERAAD

### (a) Die verhouding met die NG Kerk

Dit lei min twyfel dat die Cottesloeberaad die verhouding tussen die Ned Hervormde Kerk en die NG Kerk ernstig geskaad het. In 'n skrywe aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedurende Februarie 1961 maak die Moderatuur van die Transvaalse NG Kerk die beskuldiging dat sprekers van Hervormde kant die NG Kerk in 'n bedenklike lig stel. Die naam van ds AJG Oosthuizen word pertinent genoem.

Die verwysing na ds Oosthuizen het waarskynlik betrekking gehad op 'n byeenkoms van die Afrikanerkring, 'n Pretoriase kultuurorganisasie gedurende Januarie 1961 in Silverton waar ds Oosthuizen as een van die sprekers opgetree het. Aan die einde van die vergadering is 'n eenparige voorstel aanvaar waarin die besluite van Cottesloe verwerp is en 'n mosie van vertroue in die regering se beleid uitgespreek is[26].

In sy antwoord aan die NG Kerk het die Algemene Kommissie met verbasing en teleurstelling van die brief kennis geneem en die aantygings daarin ontken.

*"Hulle versoek die Moderatuur dat die name van 'sprekers' verstrek word, waar hulle opgetree het asook die betrokke sinne of woorde waarteen kapsie gemaak word. 'U noem by name die voorsitter van die AKV van ons kerk as een van die sprekers wat hom daaraan skuldig gemaak het. Graag verneem ons wat hy gesê het waarteen u aanstoot neem, aangesien hy verklaar dat hy hoegenaamd niks teen die NG Kerk gesê het nie"*[27]. Aldus Lückhoff.

In die pers, in verklarings, in briewe en in amptelike stukke van die NG Kerk is insinuasies gemaak dat die Hervormde Kerk met sy optrede gepoog het om groot getalle lidmate uit die NG Kerk te trek. Die uitspraak van WA Visser't Hooft is in dié opsig tiperend. Hy sê in 'n verklaring onder andere:

- Die Hervormde Kerk handhaaf apartheid as 'n ideologie wat dikwels die plek van die Heilige Skrif inneem. Apartheid is vir dié

Kerk 'n absolute beginsel. Sodra dié beginsel bedreig word, skreeu hulle dat dit tot integrasie gaan lei wat in hulle oë iets soortgelyks as die heerskappy van satan is.

- Met sy optrede tydens en na die beraad wou die Hervormde Kerk vir die volk en die regering sê: ons is die ware verdedigers van Afrikanerdom en die Kaapse en Transvaalse NG Kerke is verraaiers.
- Daar is geen twyfel nie dat die Hervormde Kerk gehoop het om op hierdie wyse groot getalle lidmate uit die NG Kerk te lok[28].

Tot sover Visser't Hooft.

Dit is 'n beskuldiging wat die Ned Hervormde Kerk baie jare na Cottesloe moes verduur.

'n Mens sou nog 'n keer moes vra of dit werklik die Ned Hervormde Kerk se optrede was wat die NG Kerke gedwing het om uit die WRK te tree, soos dikwels beweer is. Dit is interessant dat die Ned Hervormde Kerk se uittrede uit die Wêreldbond gedurende 1982 die NG Kerk se sinode daarna redelik onberoerd gelaat het en dat hulle hul lidmaatskap van die Wêreldbond ongestoord voortsit. Daar sou dus beweer kon word dat dit destyds nie in die eerste plek die optrede van die Ned Hervormde Kerk of die dreigende verlies van lidmate was wat die NG Kerk sterk beïnvloed het nie. Dit wil voorkom asof dit in die eerste plek die botsing met die destydse premier dr HF Verwoerd was wat die NG Kerk in sy optrede sterk beïnvloed het. Omdat voortgesette lidmaatskap van die Wêreldbond nie dieselfde konflik met huidige regeringsbeleid impliseer nie, het die optrede van die Ned. Hervormde Kerk in 1982 nie waarneembare invloed op die NG Kerk uitgeoefen nie.

### (b) Ekumeniese betrekkinge

Daar is na Cottesloe dikwels beweer dat die uitkoms van dié beraad 'n nekslag was vir die Ekumeniese beweging in Suid-Afrika. In 'n sekere sin is hierdie stelling seker waar. Cottesloe was inderdaad die laaste byeenkoms en ook die hoogtepunt van 'n hele reeks kleiner ekumeniese byeenkomste in die vyftiger jare waaraan die Afrikaanse Kerke meegedoen het. Dr Frans O'Brien Geldenhuys het later as direkteur van ekumeniese sake verklaar dat die NG Kerk 'n geweldige agterstand op ekumeniese terrein het omdat die uittrede uit die Wêreldraad 'n vakuum op hierdie terrein gelaat het.[29].

Wat die Ned Hervormde Kerk betref, blyk uit die notules van die Algemene Kommissie en Algemene Kerkvergadering dat die ekumeniese werksaamheid van die kerk onder leiding van die Raad vir Ekumeniese sake tog op 'n bestendige en rustige wyse voortgesit is na Cottesloe. Dat ekumeniese liggame na die suur ondervinding by

Cottesloe met wantroue bejeën is, is begryplik. Maar om te beweer dat die Ekumeniese bemoeienis, van die Hervormde Kerk in elk geval, deur Cottesloe 'n nekslag toegedien is, is nie waar nie. Lidmaatskap van die Wêreldbond van Hervormde Kerke is gehandhaaf.

Dit blyk ook dat die kerk steeds geneig was om liewer met kerke as met ekumeniese liggame gesprek te voer.

*Ons sou die saak graag totaal anders wou stel as wat Lückhoff dit sien: Cottesloe was nie soseer die nekslag vir die ekumeniese beweging in Suid-Afrika nie. Dit was eerder 'n nekslag vir die poging van die WRK om, met behulp van 'n klein groepie kerkleiers, en deur 'n fyn tydsberekening, dwang op die Suid-Afrikaanse regering te probeer uitoefen om die beleid van afsonderlike ontwikkeling te laat vaar.*

Miskien kan dit goed en nodig wees om 'n keer sommige van die huidige politieke ontwikkelinge, soos bv. Kleurlingverteenwoordiging in die parlement, vanuit die gebeure by Cottesloe te bekyk. Of is Lückhoff dalk reg as hy beweer dat Cottesloe maar net sy tyd ver vooruit was?

'n Laaste opmerking in hierdie verband: Is die huidige beleid in die Ned Hervormde Kerk, om nl. nie aan groot ekumeniese byeenkomste deel te neem nie maar liewer met kerke gesprek te voer, verantwoordbaar? Sou dit nie beter wees om in beginsel te besluit om aan ekumeniese byeenkomste deel te neem sover sodanige deelname sinvol blyk te wees nie? Kan ons die huidige stand van sake regverdig in die lig van 'n uitspraak soos dié in 1 Petrus 3:15 en in die lig van die Kerk se herhaalde versekering dat hy nie sonder ekumeniese kontak wil lewe nie?

### (c) Uitwerking van Cottesloe binne die Ned Hervormde Kerk self

Binne die Ned Hervormde Kerk self het die Cottesloeberaad, afgesien van die uitwerking op Ekumeniese betrekkinge, lang nawerkinge gehad.

- Dit was waarskynlik die Cottesloeberaad wat mense soos proff AS Geyser, A van Selms en andere geïnspireer het om in 1961 met 'n verbete aanslag teen Art III van die Kerkwet te kom. Dié onrus het geruime tyd reeds gesluimer en in uitsprake aan die lig gekom. Die feit dat dié here nie in die afvaardiging na Cottesloe opgeneem is nie, dat 'n memorandum wat hulle voorgelê het vir opname in die Kerk se stukke aan Cottesloe geweier is, asook die solidariteit in denke met mense soos ds Beyers Naudé, dr Frans Geldenhuys, prof Ben Marais en andere, het waarskynlik 'n sterk impuls verskaf om binne die Ned Hervormde Kerk self die stryd aan te knoop op die mees voor die handliggende punt: Art III van die Kerkwet.

  Hoewel die Algemene Kerkvergadering die aanslag op Art III in

1961 onomwonde verwerp, sou dié stryd lang nawerkinge in die Kerk hê. Prof AS Geyser sou later beweer dat dit die Cottesloegebeure was wat medebepalend was in die dwaalleerklag teen hom. Later sou 'n hele paar predikante in voetspoor van proff Geyser en Van Selms uit die Ned Hervormde Kerk bedank en by die Presbiteriaanse Kerk aansluit.

Nog in 'n ander opsig het Cottesloe negatiewe uitwerking binne die Ned Hervormde Kerk gehad. In die laat sestigerjare en begin sewentigerjare het mense meermale die indruk gelaat dat, soos by Cottesloe, dit die Ned Hervormde Kerk se primêre taak is om as behoudende Kerk te waak oor die belange van Afrikanerdom. Dat die Hervormde Kerk behoudend-konserwatief is en daarvolgens optree soos by Cottesloe en nog altyd daarna is nie verkeerd nie. Maar dit is nie die primêre taak van die Kerk nie. Hoeveel begrip 'n mens ook al vir hierdie houding mag hê teen die agtergrond van die felle aanslag wat in die sestigerjare op die Afrikaner en sy Kerk gemaak is, het dit nietemin meermale verwarring en skade in die Kerk veroorsaak. Dit het meermale gelei tot 'n onnodige geslote houding en ook 'n onverantwoordelike en ongegronde etikettering van mense wat nie presies dieselfde opvattings gehuldig het nie.

### (d) Nuwe Ekumeniese stigtings

Bietjie meer as 'n jaar na die Cottesloeberaad het die ekumeniese blad *Pro Veritate* verskyn en nóg 'n jaar later is die *Christelike Instituut van Suidelike Afrika gestig.*

Albei hierdie gebeure was direkte uitvloeisels van Cottesloe in 'n poging om die ekumeniese dialoog te laat voortduur. Hoewel die Afrikaanse kerke hulle teen albei instellings uitgespreek het, kan aanvaar word dat albei hul invloed vir 'n hele aantal jare uitgeoefen het. Die Ned. Hervormde Kerk het die Christelike Instituut verwerp omdat hy daarin 'n poging gesien het om wat by Cottesloe misluk het, te bevorder.

Een van die aanbevelings van die Cottesloeberaad het die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Raad van Kerke voorgestel. Na Cottesloe is 'n poging aangewend om die agt ledekerke wat daar teenwoordig was vir die stigting van so 'n Raad van Kerke byeen te bring. In die atmosfeer na Cottesloe wou dit nie werk nie. Eers na herhaalde pogings het 'n Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in 1968 tot stand gekom. Die werk en invloed van dié liggaam tot op die huidige dag is welbekend en hoef nie hier verder behandel te word nie.

## 4. DIE HERVORMDE OPTREDE BY COTTESLOE: 'N EVALUERING

Ons het nou gelet op enkele van die direkte en indirekte, korttermyn en langtermyn nawerkinge van die Cottesloeberaad. Dit is egter nodig om ten slotte die optrede van die Ned Hervormde Kerk by Cottesloe krities te ontleed.

Soos aangetoon, is daar na Cottesloe uiters negatiewe interpretasies aan die Hervormde optrede gekoppel. Veral uit die verslae van die Transvaalse NG Kerk; uit die mond van kritici binne die Hervormde kerk self; uit die mond van die verteenwoordigers van die Wêreldraad; en in werke soos dié van Lückhoff, het die veroordelings en beskimpings opgeklink. Die Hervormde Kerk is die slaansak gemaak. Dit is hulle wat 'n grootse onderneming laat misluk het. Dit is die Hervormers wat troubreuk gepleeg het, wat alarm gemaak het, wat verwarring in die gemoed van die volk gesaai het. Hulle het die werklike bedoelinge van Cottesloe nie gesnap nie, was nie sensitief vir ware ekumeniese gesprek nie, het nie uit oortuiging gehandel nie maar met die oog op groot getalle lidmate uit die NG Kerk. By hierdie lysie sou nog vele beskuldigings wat opgeklink het, gevoeg kon word. Dat hierdie soort publieke uitsprake nie altyd 'n positiewe beeld van die Hervormde Kerk help bevorder het nie, is gewis.

Om die Hervormde optrede by Cottesloe en daarna in perspektief te kry, is dit nodig om rekening te hou met 'n hele reeks gebeure wat gedurende dié tyd hewige skokke deur die Afrikaanse kerk- en volkslewe laat gaan het.

- In Maart 1960 word 69 Swartmense deur die polisie by Sharpville doodgeskied. 'n Vloedgolf van protes en veroordeling vanoor die hele wêreld is die resultaat. In S.A. self word 'n noodtoestand afgekondig.
- Kort hierna word die eerste sluipmoordpoging op dr HF Verwoerd tydens die opening van die Randse Paasskou gemaak.
- Tydens die Cottesloeberaad verskyn die boekie *Vertraagde Aksie* waarin bekende teoloë 'n aanval op die heersende orde in Suid-Afrika maak en die beraad by Cottesloe pertinent beïnvloed. Onder die medewerkers in *Vertraagde Aksie* is ook verskeie Hervormde teoloë.
- Tydens 'n Statebondskonferensie in London word dr HF Verwoerd só sleg behandel dat hy verplig word om uit die Statebond te tree.
- Soos rees vermeld, kom 'n groepie Hervormde teoloë juis in hierdie tyd met 'n verbete aanval op Art III van die Kerkwet na vore.

Daar is al meermale beweer dat die Hervormde afgevaardigdes by

Cottesloe en die Algemene Kerkvergadering daarna emosioneel en selfs radikaal was in hul optrede. Dat die verteenwoordigers van die Kerk in die heersende atmosfeer soos hierbo geskets is, nie in 'n baie gemoedelike en toegeeflike bui was nie, mag seker vir begrip vra.

Voor die beraad is herhaaldelik aan die Hervormde afvaardiging beloof dat geen verklarings, oorstemmery van mekaar of bekeerlingmakery op die beraad geduld sou word nie. Desnieteenstaande is op die vierde dag besluit dat na afloop van die beraad 'n verklaring uitgereik sou word waarin besluite wat met 'n 80 persent meerderheid aanvaar is, as die mening van die beraad openbaar gemaak sou word. Lückhoff probeer hierdie inkonsekwensie wegpraat deur te beweer dat die verklaring nodig gemaak is deur 'n lekkasie tydens die beraad wat hy aan een van die Hervormde afgevaardigdes, nl. wyle prof SP Engelbrecht toedig. Dié aantygings is nooit bewys nie.

Feit bly dat die Hervormers na die beraad is met die versekering dat daar nie verklarings uitgereik sou word nie. Toe dit wel gebeur en die media daarna boonop die indruk laat dat die Hervormde Kerk saam met die besluite gegaan het, het die Hervormde afgevaardigdes geen ander keuse gehad as om met die verklarings die saak in die reine te bring nie.

Om in die lig van hierdie verloop van die saak die Hervormde Kerk se optredes as troubreuk te bestempel, is in werklikheid lasterlik. Die NG Kerk se kommer oor broederlikheid op hierdie stadium kom eienaardig voor as onthou word dat hulle reeds voor die tyd bereid was om hul verhouding met die Hervormde Kerk op te offer as die Wêreldraad bereid was om sonder die Anglikane met die beraad voort te gaan.

Die Hervormde afvaardiging sê later in sy verslag dat hulle toe die kwessie van 'n verklaring op die 4de dag ter tafel gebring is nie teengestem het nie omdat hulle besluit het dit het tyd geword dat aan die lig sal kom waar wie staan.

Die insinuasie dat die Hervormde Kerk met sy optrede lidmate uit die NG Kerk wou afrokkel, is van alle waarheid ontbloot. Die Ned Hervormde Kerk het in sy verklarings nooit na die NG Kerk verwys nie maar slegs sy eie saak positief gestel.

Die feit bly dat die Ned Hervormde Kerk, in die lig van die geskiedenis na Cottesloe, met sy beoordeling van die Wêreldraad van Kerke volkome korrek was. As die Kerk dan met sy optrede by Cottesloe gehelp het om die gety teen die Wêreldraad te keer, is dit beslis nie iets om oor skaam of skuldig te voel nie.

Die hoofsaak bly egter dat die Hervormde afvaardiging Cottesloe nie as ekumeniese hoogtepunt kon ervaar nie! Inteendeel. Hulle het ontdek dat dit 'n poging van die Wêreldraad was om met behulp van wie ookal in Suid-Afrika, selfs die Afrikaanse kerke, 'n hou teen die politieke koers en onversetlikheid van Verwoerd in te kry. *Toe hulle*

*dit ontdek het, het hulle dit ontmasker en toe hulle verder daartoe gedwing is, het hulle dit aan die groot klok gaan hang.*

Verskillende van die kerkleiers van destyds is in hul simpatie t.o.v. bepaalde integrasiemaatreëls gedwing om kleur te wys. Verskillende van dié leiers is in die daaropvolgende sinodesitting nie tot moderature herkies nie.

Die Hervormde afvaardiging sê later in sy verslag hieroor:

*"Ons wil graag konstateer dat dit na ons beskeie mening, nie maar 'n verskil van mening in verband met 'n beleid insake rasse-aangeleenthede is, wat aanleiding gegee het dat meer as 80% van die afgevaardigdes vir die besluite gestem het nie. Die verskil tussen die standpunt wat na ons vertrou die standpunt van ons Kerk weergegee het, en die van die ander kerke wat met enkele uitsonderings bankvas teenoor ons gestaan het, het 'n dieperliggende oorsaak, naamlik 'n verskillende teologiese agtergrond"*[30].

en 'n bietjie verder:

*"Ons wil verder konstateer dat die gebeure te Johannesburg vir ons volk 'n heilsame uitwerking kan hê, mits as gevolg van die beroering wat veroorsaak is, die ware gevaar wat ons volk bedreig, besef word en die Sinodes nie alleen die besluite van die sogenaamde Kerkeberaad verwerp nie, maar dit doen in die besef dat die oorsake wat die besluite moontlik gemaak het, nie 'n politieke omkanteling by sommige afgevaardigdes was nie, maar die resultaat van die bogenoemde teologies godsdienstige agtergrond".*

Verskillende uitsprake van die Wêreldraad se verteenwoordigers by Cottesloe oor van die leiersfigure van die NG Kerk bevestig dat die indrukke wat die Hervormers oor sommige van dié leiers gekoester het, juis was, nl. dat hulle ten gunste was van bepaalde integrasiemaatreëls.

Een van die Wêreldraadfigure sê bv. in 'n brief oor die NG Kerk se afgevaardigdes: *"We must keep our links with these people and in this way encourage the more enlightened amongst them to convert their own brethren. I am sure dr Bilheimer's visit is the right approach and he should be able to work on Brink and Marais"*[31].

Dr Robert Bilheimer skryf voor die beraad oor Beyers Naudé: *"He is a very quiet but very genuine liberal. Speaking of criticism of himself in the DRC, he said that he knew that sometime the storm would break over him, and that when it did he would simply continue and carry on from there"*[32].

En na 'n dag van onderhandelinge met die NG Kerkleiers voor die beraad, teken Bilheimer in sy dagboek aan: *"The WCC has a lot of capital with the DRC leadership – or some of them"*[33].

Feit is dat die Wecreldraad meermale daarvan melding maak dat hulle verras was oor standpunte by NG Afgevaardigdes wat hulle nooit verwag het nie. Daarom kon veral die memorandum van die Kaapse Kerk as basis vir bykans al die besprekings dien.

'n Laaste woord: 23 jaar na Cottesloe wil ons die uitspraak van die Ned Hervormde Kerk in herinnering roep toe dié Kerk destyds by die Wêreldraad van Kerke aangesluit het: *"Ons het aangesluit in die besef dat ons Kerk steeds moet ywer om die eenheid van die Kerk wat ons bely en in geloof aanvaar, te beoefen"*[34].

Ondanks alle onvriendelike uitsprake teen hom het die Ned Hervormde Kerk die eenheid van die Kerk van Christus ook lief en wil dit bevorder. Met dié gesindheid het die Hervormde afvaardiging Cottesloe benader. Wat hulle egter daar op die lyf geloop het, het hulle erg ontnugter gelaat. Daarom kan ons konkludeer: dat Lückhoff klaarblyklik reg is as hy sê dat die werklike bedoelings van die Wêreldraad met Cottesloe voor die tyd by die Hervormde Kerk verbygegaan het!

Bronnelys


1. Dr AH Lückhoff, tans predikant van die NG Gemeente Pretoria-Wes, was voorheen vier jaar lank verbonde aan 'n dagblad in Pretoria. Hy het op Stellenbosch en ook in Amerika studeer. Hy het 'n doktorale proefskrif oor die Cottesloeberaad van 1960 aan die Universiteit van die Witwatersrand voltooi.
2. Lückhoff, AH *Cottesloe,* Tafelberg 1978, p. 1
3. Ibid, p. 30
4. Ibid, p. 52
5. Ibid, p. 57
6. Ibid, p. 65
7. Ibid, p. 95
8. Ibid, p. 97
9. Ibid, p. 99
10. Ibid, p. 100
11. Ibid, p. 105
12. Ibid, p. 126
13. Ibid, p. 128
14. Ibid, p. 133
15. Ibid, p. 171
16. *Cottesloe-Lêers:* Pretoria, Ned Hervormde Kerkkantoor, Des 1960–Maart 1961, p. 191
17. Ibid, p. 193
18. Lückhoff, AH *Aw*, p. 94
19. Cottesloe-Lêers, p. 197
20. Ibid, p. 195
21. Ibid, p. 223–227
22. Lückhoff, AH *Aw*, p. 99
23. Ibid, p. 104
24. *Cottesloe-Lêers*, p. 229
25. Ibid, p. 237
26. Lückhoff, AH *Aw*, p. 120

27. Ibid, p. 134
28. Ibid, p. 133
29. Ibid, p. 128
30. *Agenda*, Algemene Kerkvergadering, Ned Hervormde Kerk, 1961, p. 145
31. Lückhoff, AH *Aw*, p. 15
32. Ibid, p. 48
33. Ibid, p. 55
34. Agenda, Algemene Kerkvergadering, Ned Hervormde Kerk, 1961, p. 146